

## Standaard Ooreenkoms

Hersien: 27 Junie 2017

Hierdie Standaard Ooreenkoms is die wettige kontrak tussen u en Breinlyn Leerwêreld (Edms.) Bpk. Ten einde u leerervaring met Breinlyn te geniet, moet u hierdie ooreenkoms lees en aanvaar. Maak asseblief seker dat u die hele dokument deeglik deurlees voordat u die bepalings en voorwaardes van inskrywing by Breinlyn Leerwêreld (Edms.) Bpk. aanvaar.

*\* Druk asseblief hierdie dokument uit. Voltooi dit, en parafeer elke bladsy voordat u dit by die Aanlyn Inskrywingsplatform oplaai.*

### A. ALGEMENE BEPALINGS EN VOORWAARDES

- Definisies: In hierdie ooreenkoms word die volgende betekenis aan die woorde hieronder geheg, behalwe as die kontrak anders impliseer.
  - “**Ek**” en “**my**” beteken die kliënt,
  - “**julle**” verwys na die verskaffer, synde Breinlyn Leerwêreld (Edms.) Bpk. (hierna Breinlyn),
  - “**Hoofkantoor**” beteken die hoof administratiewe sentrum van Breinlyn,
  - “**probleem ervaar**” beteken enige probleme wat ondervind mag word,
  - “**sertifikaat**” beteken ’n sertifikaat wat die inligting rakende uitstaande bedrae en rente bevat.
- Ek aanvaar dat gebruik van die enkelvoud in hierdie ooreenkoms ook die meervoud omvat en andersom, tensy die inhoud anders vereis.
- Ek verstaan dat hierdie ’n bindende aanbod vir die produk is, en onderhewig is aan aanvaarding deur Hoofkantoor. Eers nadat akademiese en finansiële goedkeuring gefinaliseer is, sal Hoofkantoor inskrywing bevestig. As ek nie die produk (óf as ’n elektroniese aflading óf in DVD-formaat óf beide) ontvang nie, sal dit geensins my verantwoordelikhede en/of aanspreeklikhede ingevolge hierdie ooreenkoms beïnvloed nie.
- As die kliënt, magtig ek hiermee óf juisself óf ’n vervoerder, waar die keuse van wie by julle berus, om die produk (of ’n gedeelte daarvan) by die gemelde afleweringadres af te lewer ooreenkomstig met die besonderhede wat ek via die aanlyn inskrywingsplatform voorsien het.
- In ’n geval waar enige produkte (of ’n gedeelte daarvan) wat ingevolge hierdie ooreenkoms gekoop is, gebreek of beskadig word, verstaan ek dat sulke produkte gratis vervang sal word op voorwaarde dat ek binne vyf (5) werksdae na ontvangs van die produk julle daarvan in kennis stel deur middel van ’n e-pos aan info@brainline.com.
- Ek besef dat die meerderheid van my kommunikasie met Breinlyn telefonies, via e-pos, die brainONLINE-platform en/of die inskrywingsplatform geskied. Daarom aanvaar ek die belang daarvan om my volle en korrekte elektroniese kontakbesonderhede aan Breinlyn te voorsien.
- Ek verstaan dat julle kommunikasie met my meestal per e-pos geskied. Ek verstaan dat daar nie beweer kan word dat e-posse vanaf Breinlyn nie ontvang word nie, aangesien die bestuur van my e-posrekening my eie verantwoordelikheid is. Breinlyn kan nie aanspreeklik gehou word vir my versuim om my e-posse oop te maak en/of te lees nie, of as ek toegang tot my e-posse sou verloor.
- Ek sal julle binne vyf (5) werksdae skriftelik in kennis stel van enige veranderinge in my residensiële en/of posadres, e-posadres, of telefoonnommer. Ek aanvaar dat ek enige kostes sal dra wat Breinlyn mag aangaan omdat ek nagelaat het om Breinlyn in kennis te stel van ’n verandering in my kontakbesonderhede, soos hiervoor genoem.

Parafeer

Parafeer

Bladsy 1 van 9

9. Ek verklaar dat ek bewus van die aard, kwaliteit en inhoud van julle produk is. Ek aanvaar die produk soos dit is, met geensins enige waarborge nie.
10. Ek is bewus dat alle afleweringkoste, vir watter rede ookal, insluitend verskepingkoste, posgeld, vraggeld, hanteerkoste, en mediakoste, vir my rekening sal wees as ek buite Suid-Afrika se grense woon, of as my afleweringadres buite Suid-Afrika se grense val.
11. Alle ingeslote sagteware en leermateriaal is nie aan my verkoop nie maar gelisensieer slegs vir my gebruik volgens die bepalings van hierdie ooreenkoms. Ek is bewus dat alle regte wat nie uitdruklik aan my toegestaan is nie, deur Breinlyn voorbehou word. Breinlyn behou alle aanspraak op en eienaarskap van hul nie-stoflike goedere en verwante dokumentasie, tensy daar anders gemeld word. Slegs leerders wat by Breinlyn ingeskryf is, mag Breinlyn se sagteware en leermateriaal gebruik. Alle elektroniese indienings word Breinlyn se eiendom.
12. In geval van enige soort probleem wat ervaar word, is ek bewus van Breinlyn se telefoonnommers en adresse waar ek julle mag kontak vir kliëntediens. Ek besef dat enige soort probleem wat ek ervaar my nie die reg gee om hierdie ooreenkoms te kanselleer of betaling te staak nie.
13. Ek aanvaar dat 'n sertifikaat wat deur 'n Breinlyn-gemagtigde beampte onderteken is, voldoende bewys is van besonderhede wat hierin gemeld word met die doel om enige voorlopige dagvaarding of ander vonnis teen my te bekom, of vir enige ander doel. So 'n sertifikaat sal ook as prima facie bewys dien dat ek die vermelde bedrag, saam met die rente, skuld en dat die rente betaalbaar is teen die koers wat daarin vermeld word.
14. Ek voorsien die inligting op die inskrywingsplatform met die doel om my kredietrekord te bekom, en ek verstaan dat Breinlyn my kredietrekord mag ondersoek en inligting rakende my kredietbestuur met betrekking tot my rekening aan kredietburo's en ander mag rapporteer.
15. Ek verstaan dat alle vorms van formele assessering nie beskikbaar sal wees nie wanneer alle dienste aan my (en dus die leerder) opgeskort word. Ek besef dat dit daartoe sal lei dat die leerder punte verloor. Hiermee aanvaar ek onherroeplik verantwoordelikheid indien so 'n situasie hom sou voordoen, aangesien Breinlyn nie deur die Departement van Onderwys gesubsidieer is nie en wanbetaling deur my as kontrakbreuk beskou word. Hierdie sal daartoe lei dat die leerder(s) benadeel word weens my eie nalatigheid. Dus vrywaar ek vir Breinlyn en Breinlyn se personeel teen alle verantwoordelikheid in hierdie verband.
16. Ek sal geen gedeelte van Breinlyn se produk reproduseer, kopieer of kopiëring daarvan teweegbring nie. Ek stem in tot 'n boete van ten minste R100 000 (een honderd duisend rand) met skuldbevinding van so 'n oortreding. Die bedrag sal vermeerder afhangende van die bewyse voorsien deur Breinlyn.
17. Ek stem saam dat die behoorlike onderrig van my kind/kinders my verantwoordelikheid is, en nie Breinlyn se verantwoordelikheid nie. Ek verstaan dat Breinlyn net leermiddele voorsien.
18. Ek aanvaar self verantwoordelikheid daarvoor om te verseker dat alle vakkeuses ooreenkom met beoogde loopbane vir alle leerders in graad 10 tot 12.
19. In geval van regsaksies wat uit die breuk van hierdie ooreenkoms voortspruit, sal ek aanspreeklik wees vir alle kostes wat volgens die prokureur-kliënt-skaal bepaal word, insluitend invorderingskommissie.
20. Ek aanvaar die regsbevoegdheid van die Landdroshof met betrekking tot alle geregtelike stappe wat voortspruit uit verbreking van hierdie ooreenkoms.
21. Ek besef dat inskrywing by Breinlyn nie geld as aansoek/registrasie/inskrywing by enige ander owerheid, hetsy privaat of openbaar, soos die Department van Onderwys nie.

## **B. DERDEPARTYVERHOUDINGE**

1. Ek erken dat Breinlyn geen verhouding of affiliasies met enige derdeparty soos privaat onderwysers, privaatonderwysentrusms, huissskole, mikroskole, onderwysers/onderwyseresse, onafhanklike skole,

Parafeer

publieke skole of enige ander opvoedkundige instansies het nie, tensy dit uitdruklik in skrif gestipuleer word.

2. Ek verstaan dat die produk aan die ouers of voogde van leerders wat op die inskrywingsplatform ingeskryf is voorsien word en, as sulks, sal geen gesprekke of ooreenkomste met enige derdeparty gekommunikeer of oorweeg word nie behalwe met die ouer/voog of individu, soos hierbo vermeld.
3. Ek aanvaar dat Breinlyn nie verantwoordelik gehou sal word vir enige dispuut tussen ouers, voogde of individue en enige ander derdeparty nie.
4. Ek gee toe dat 'n derdeparty aanspreeklik gehou sal word met betrekking tot oortreding van kopiereg waar hy/sy namens 'n ouer, voog of individu optree. 'n Boete soos vervat in klousule A.16 kan van toepassing word wanneer so 'n oortreding plaasgevind het.
5. Ek aanvaar dat geen derdeparty namens 'n ouer, voog of individu, met of sonder hul toestemming, enige leerder of individu by Breinlyn mag inskryf nie.
6. Ek gee toe dat die inskrywing van 'n leerder of individu uitdruklik die ouer, voog of individu se verantwoordelikheid is.
7. **Ek verstaan dat 'n derdeparty nie betaling namens Breinlyn kan aanvaar nie.**

### C. KOPIEREG VAN LEERMATERIAAL OF ANDER PRODUKTE VOORSIEN DEUR ENIGE DERDEPARTY

1. Ek aanvaar dat die gebruik van Breinlyn se sagteware en die inhoud daarvan, asook e-boeke en ander leermateriaal wat voorsien word, aan lisensiebeperkings onderhewig is. Deur hierdie sagteware en die inhoud daarvan te installeer of te gebruik, stem ek daartoe in om onderworpe te wees aan die bepalings en voorwaardes van die Breinlyn Standaard Ooreenkoms, die Breinlyn Beleide en Prosedures, asook ander Riglyne wat deur die jaar op [www.brainline.com](http://www.brainline.com) en [www.brainonline.com](http://www.brainonline.com) gepubliseer word.
2. Ek begryp en stem saam dat slegs 'n leerder wat by Breinlyn ingeskryf is, die Breinlyn-produk vir sy/haar eie persoonlike, nie-kommersiële gebruik mag benut en nie vir herverkoop- of herverspreidingsdoelwitte nie.
3. Ek gee toe dat die Breinlyn-produk internettoegang benodig om geaktiveer te word. Die Breinlyn-toepassingsprogram moet dwarsdeur die betrokke akademiese jaar oor die internet gewaarmerk word.
4. Ek verstaan en stem saam dat ek nie gelyktydige toegang tot die leermateriaal op meer as twee toestelle op 'n keer toegelaat word nie.
5. Ek word slegs toegelaat om leermateriaal wat deur Breinlyn geskep is uit te druk vir my eie, nie-kommersiële gebruik, en nie vir herverkoop of herverspreiding nie. Ek word geensins toegelaat om afskrifte van enige leermateriaal te maak nie. **Geen ander persoon of party mag enigsins namens my leermateriaal vanaf die Breinlyn-produk uitdruk nie. Hierdie sluit uitdruk by 'n Postnet of 'n soortgelyke instansie in. Oortreding van hierdie bepaling is 'n verbreking van die lisensiëringsooreenkoms en regstappe kan daarop volg. Die boete soos vervat in klousule A.16 mag ook van toepassing word.**
6. Ek is bewus dat 'n derdeparty aanspreeklik gehou sal word ingevolge 'n oortreding van kopiereg waar hy/sy uitdrukke of afskrifte van enige materiaal namens die leerder maak. 'n Boete soos vervat in klousule A.16 mag ook van toepassing word wanneer so 'n oortreding plaasgevind het. Sou dit nodig wees, mag die ouer, voog of individu gebruik maak van die opsie om die harde kopie van die e-boek via die aanlyn portaal wat op [www.brainonline.com](http://www.brainonline.com) geskep is, te koop.
7. Ek aanvaar dat enige en alle kennisgewings en erkennings van kopiereg van enige uitgewer, of uitgewer se lisensieerders, en/of ander intellektuele eiendomsregte wat in die digitale publikasies mag verskyn, insluitend alle kopiereg-, handelsmerk- en ander kennisgewings, van toepassing is.
8. As Breinlyn 'n sistematiese patroon van wangebruik by my sou bespeur, dan sal regstappe geneem word en maatreëls getref word, wat die opskorting van my rekening insluit, om verdere wangebruik te voorkom.

Parafeer

Bladsy 3 van 9

## D. TEGNIESE VEREISTES

1. Ek verstaan dat Breinlyn hul kursusmateriaal, insluitend, maar nie net, e-boeke, leerdergidse en onderwysersgidse, deur middel van 'n aflaaibare rekenaarprogram lewer wat die Breinlyn-rekenaarprogram genoem word (hierna, die “Rekenaarprogram”).
2. Ek verstaan dat die Rekenaarprogram aan my toegang tot die materiaal van die kursus waarvoor ek ingeskryf het, verleen.
3. Ek erken dat addisionele sagteware vir die suksesvolle gebruik van die Rekenaarprogram vereis word en dat dit my verantwoordelikheid is om te verseker dat ek al die vereiste sagteware op my rekenaar aflaai voordat ek die Rekenaarprogram installeer en probeer gebruik. Dit is verpligtend dat ek die volgende installeer:
  - 3.1 Adobe Acrobat Reader
  - 3.2 Adobe AIR
  - 3.3 Adobe Flash
4. Ek verstaan dat die Rekenaarprogram slegs vir gebruik op 'n skootrekenaar of 'n rekenaar met ten minste 'n Windows 7-bedryfstelsel (of nuwer) beskikbaar is, en sal nie met 'n tabletrekenaar, 'n sellulêre foon of 'n Mac versoenbaar wees nie.
5. Ek verstaan dat dit my verantwoordelikheid is om 'n antivirusprogram en “malware”-beskermingsprogram, wat vertrouwd en opgedateer is, te installeer.
6. Ek verstaan dat die Rekenaarprogram net op een rekenaar of skootrekenaar geïnstalleer kan word, weens redes rakende intellektuele eiendom. Dit is my verantwoordelikheid om die Rekenaarprogram op 'n rekenaar of skootrekenaar te installeer waarop ek kan werk, en waartoe ek daagliks vir 'n aaneenlopende tydperk toegang het.
7. Ek verstaan dat ek die volgende hardeware benodig om die Rekenaartoepassing suksesvol te kan gebruik:
  - 7.1 'n Persoonlike rekenaar of skootrekenaar.
  - 7.2 'n Minimum van 2 GB RAM.
  - 7.3 'n Minimum van 10 GB vrye hardeskyfspasie of, met ander woorde, ten minste 10 GB stoorplek op my persoonlike rekenaar of skootrekenaar.
  - 7.4 'n Drukker en skandeerder.
  - 7.5 'n Mikrofoon en webkamera, indien dit nie by my rekenaar of skootrekenaar ingesluit is nie.

## E. CAMBRIDGE

1. Ek verstaan dat Cambridge deur Breinlyn in samewerking met eduCLinED aangebied word.
2. Dit is my eie verantwoordelikheid om te verseker dat ek die korrekte vakke het vir die graad of kwalifikasie wat ek by 'n tersiêre instansie wil gaan studeer. Ek kan nie vir Breinlyn aanspreeklik hou vir enige vakkeuses wat ek gemaak het nie.
3. Ek gee toe dat Cambridge-fooie ten volle betaalbaar is voordat my inskrywing goedgekeur sal word. Ek aanvaar dat geen uitsonderinge in hierdie verband gemaak sal word nie.
4. Ek aanvaar dat die Cambridge-eksamenfooie 'n betaling afsonderlik van my kursusfooie uitmaak.
5. Ek verstaan dat die Cambridge-kursusfooie nie handboeke insluit nie, en dat dit my verantwoordelikheid is om die vereisde handboeke vir die vakke wat ek gekies het, aan te koop.
6. Ek verstaan dat Cambridge-kursusfooie vooraf en ten volle betaal moet word voordat my inskrywing goedgekeur en toegang tot die kursusmateriaal aan my toegestaan sal word.
7. Ek verstaan dat my eksamenfooie ten volle betaal moet word voordat ek toegelaat sal word om die eksamen af te lê.

Parafeer

Parafeer

Bladsy 4 van 9

- Ek verstaan dat ek onder geen omstandighede op 'n terugbetaling vir Cambridge-kursusfooie of -eksamenfooie geregtig is nie.

## F. GENERAL EDUCATION DEVELOPMENT (GED®)

- GED® is a graad 12-ekwivalent wat deur die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid erken word.
- Breinlyn is 'n goedgekeurde GED®-verskaffer.
- Ek verstaan dat ek vir inskrywing en betaling van my eksamen by die GED® Academy verantwoordelik is.
- Ek verstaan dat GED®-kursusfooie vooraf en ten volle betaal moet word, voordat my inskrywing goedgekeur en toegang tot die kursusmateriaal aan my toegestaan sal word.
- Ek verstaan dat my eskamenfooie ten volle aan die GED® Academy betaal moet word voordat ek toegelaat sal word om enige eksamen af te lê.
- Ek gee toe dat geen terugbetalings onder enige omstandighede vir die GED®-kursusfooie of -eksamenfooie gemaak sal word nie.

## G. BETALINGSBELEID EN AGTERSTALLIGE REKENINGE

### I. BETALINGSBELEID

- Ek gee toe dat die volgende betalingsmetodes aanvaar word:
  - Volle betaling van die totale bedrag.
  - Aanvanklike deposito wat gelykstaande is aan 25% van die totale kursusfooie. Hierdie is betaalbaar via elektroniese oorbetalings (EFT), krediet- of debietkaart of 'n direkte kontankdeposito, gevolg deur debietorderbetalings wat onderworpe is aan kwalifiserende kredietwaardigheid en indiening van die verpligte Debietordermandaat en ondersteunende dokumentasie volgens die Debietordermandaat.
- Ek gee toe dat Breinlyn nie kontantbetalings by hul onderskeie takke, of maandelikse paaiemente via elektroniese oorbetalings, krediet- of debietkaarte, aanvaar nie.
- EK SIEN IN DAT SLEGS DEBIETORDERBETALINGS AANVAAR WORD.
- Ek aanvaar dat debietorderbetalings op 'n maand-tot-maand-basis verwag word, en sal begin vanaf die datum waarop Breinlyn die inskrywing aanvaar en wat onderhewig is aan akademiese en finansiële goedkeuring.
- Ek aanvaar dat ek vir die produk in paaiemente mag betaal, OP DIE VOORWAARDE DAT die volle uitstaande bedrag (met die finale paaiement) moet **voor of op 1 November 2017** betaal word.
- Ek is daarvoor aanspreeklik om 'n administrasiefooie van R150 te betaal indien my debietorderbetaling nie slaag nie.
- Ek onderneem om my rekening ten volle te betaal voordat ek weer inskryf vir die volgende jaar.

### II. AGTERSTALLIGE REKENINGE

- Wanneer my rekening agterstallig is, sal dit soos volg hanteer word:
  - As my rekening agterstallig is, sal Breinlyn my in kennis stel van my wanbetaling.
  - As ek versuim om my rekening te betaal, sal Breinlyn hul dienste binne twintig (20) werksdae na kennisgewing van wanbetaling opskort. Ek verstaan dat dit aanleiding sal gee tot die implikasies soos uiteengesit in klousule A.15.
  - Ek verstaan dat Breinlyn die reg voorbehou om my oor te handig aan 'n skuldinvorderingsagentskap as ek versuim om my rekening te betaal. Voortgesette

Parafeer

Bladsy 5 van 9

wanbetaling is gelykstaande aan 'n deurslaggewende breuk wat daartoe sal lei dat my kontrak met Breinlyn beëindig word.

9. Ek verstaan dat ek my rekening by die skuldinvorderingsagentskap ten volle moet afbetaal. Indien ek weer sou wou inskryf, verstaan ek dat ek die volle bedrag vir die betrokke Breinlyn-produk moet betaal voordat die diens weer sal hervat.
10. Sodra ek aan 'n skuldinvorderingsagentskap oorgegee is, sal ek in die toekoms nie in aanmerking kom vir paaientbetalings by Breinlyn nie.

## H. BELEID OOR KANSELLASIE EN TERUGBETALING

### DEFINISIE(S):

- “**Werksondae**” behels alle dae behalwe Saterdag, Sondag en publieke vakansiedae.
- “**Datum van kansellasi**e” is die datum waarop Brainline 'n voltooiide Kansellasienvorm ontvang het of, indien dit nie op 'n werksdag ingedien is nie, die eerste werksdag daarna.
- “**Produk**” behels alle goedere en dienste, i.e. die kurrikulum, wat gekoop is by inskrywing.
- “**Voorgeskrewe kansellasietydperk**” is ten minste twintig (20) werksdae, van ontvangs van kennisgewing af, voor die aanvang van die assesserings- of eksamentydperk, soos aangedui in die spesifieke klousule.

### I. ALGEMENE KANSELLASIEPROSEDURE:

1. As u u kontrak wil kanselleer, kan u 'n Kansellasienvorm aanvra by [cancellations@brainline.com](mailto:cancellations@brainline.com) (sluit asseblief u P-nommer in). Daarna sal u die vorm ontvang en ook bystand terwyl u dit invul.
2. Die voltooiide Kansellasienvorm kan dan aan [cancellations@brainline.com](mailto:cancellations@brainline.com) gestuur word om die kansellasi af te handel.
3. Kansellasi sal binne twee (2) werksdae na ontvangs afgehandel word.
4. Die rekeninghouer bly steeds aanspreeklik vir enige uitstaande bedrae wat aan Breinlyn verskuldig is vir die produk tot en met die dag van kansellasi.
5. 'n Kansellasi van 'n assessering of eksamen wat ná die voorgeskrewe kansellasietydperk ontvang word sal nie vir 'n terugbetaling in aanmerking kom nie.
6. Ek bly aanspreeklik teenoor Breinlyn vir die bedrag soos ooreengekom tydens inskrywing, tot en met die datum van kansellasi. Breinlyn behou die reg voor om 'n billike kansellasi boete te hef met betrekking tot enige goedere en dienste wat aan my voorsien word.
7. Elke Breinlyn-produk het spesifieke vereistes rondom kansellasi waaraan voldoen moet word.

### II. BREINLYN SE EDU2GO GRAAD R:

8. Die volledige Edu2Go-produk word by inskrywing voorsien. Die rekeninghouer is daarvoor verantwoordelik om hierdie produk by inskrywing ten volle af te betaal.

### III. BREINLYN SE EDU2GO GRAAD 1–7 EN OPSIONELE FORMELE ASSESSERING:

9. Die volledige Edu2Go-produk word by inskrywing voorsien. Dit sluit die hele jaarkurrikulum en selfassesseringspakket in.
8. Die rekeninghouer is daarvoor verantwoordelik om hierdie produk by inskrywing ten volle af te betaal.
9. Opsionele Formele Assessering:
  - 11.1 Inskrywing vir die Junie/November Formele Assessering moet binne die voorgeskrewe kansellasietydperk gekanselleer word.

Parafeer

Bladsy 6 van 9

- 11.2 'n Kansellasië sal ten volle terugbetaal word, mits 'n Kansellasiëvorm binne die voorgeskrewe kansellasiëtydperk ingedien word.
- 11.3 Kansellasiës wat ná die voorgeskrewe kansellasiëtydperk ontvang word sal nie terugbetaal word nie.

#### **IV. BREINLYNEXPRESS GRAAD 8–11 EN OPSIONELE EINDEKSAMEN:**

- 12. Die volledige skoolgebaseerde assessering (SBA) portefeulje word by inskrywing voorsien. Dit sluit die minimum assesseringsitems vir die hele akademiese jaar in.
- 13. Die rekeninghouer sal aanspreeklik gehou word vir enige uitstaande betalings wat aan Breinlyn verskuldig is tot en met die dag van kansellasië, volgens die Debietordermandaat wat tydens die inskrywingsproses ingedien is.
- 14. Opsionele Eindeksamen:
  - 14.1 Inskrywing vir die November Formele Assessering moet binne die voorgeskrewe kansellasiëtydperk gekanselleer word.
  - 14.2 'n Kansellasië sal ten volle terugbetaal word, mits 'n Kansellasiëvorm binne die voorgeskrewe kansellasiëtydperk ingedien word.
  - 14.3 Kansellasiës wat ná die voorgeskrewe kansellasiëtydperk ontvang is sal nie terugbetaal word nie.

#### **V. BREINLYN (IEB-GERIGTE) GRAAD 8–11:**

- 15. Breinlyn behou die reg voor om 'n billike kansellasiëboete te hef met betrekking tot die produk, wat alle assesserings en take insluit, sou 'n Kansellasiëvorm gedurende die jaar van inskrywing ingedien word.
- 16. Die rekeninghouer sal aanspreeklik gehou word vir enige uitstaande betalings wat aan Breinlyn verskuldig is tot en met die dag van kansellasië, volgens die Debietordermandaat wat tydens die inskrywingsproses ingedien is.
- 17. In gevalle waar die hele akademiese jaar vooruit betaal is, sal die bedrag vir terugbetaling bepaal word volgens die dag van kansellasië. Breinlyn is daarop geregtig om 'n billike kansellasiëboete te vra, soos dit betrekking het op die spesifieke Breinlyn-produk wat gekanselleer word.

#### **VI. BREINLYN (IEB-GERIGTE) GRAAD 12:**

- 18. Die IEB-registrasiefooi moet onmiddellik na die registrasie van 'n matrikulant betaal word en as 'n kansellasië hiervoor na 28 Februarie ingedien word, sal geen terugbetaling gedoen word nie.
- 19. Breinlyn behou die reg voor om 'n billike kansellasiëboete te hef met betrekking tot die produk, wat alle assesserings en take insluit, sou 'n Kansellasiëvorm gedurende die jaar van inskrywing ingedien word.
- 20. Die rekeninghouer sal aanspreeklik gehou word vir enige uitstaande betalings wat aan Breinlyn verskuldig is tot en met die dag van kansellasië, volgens die Debietordermandaat wat tydens die inskrywingsproses ingedien is.
- 21. In gevalle waar die rekening vir die hele akademiese jaar vooruit betaal is, sal die terugbetalingsbedrag bepaal word volgens die dag van kansellasië. Breinlyn is daarop geregtig om 'n billike kansellasiëboete te vra, soos dit betrekking het op die spesifieke Breinlyn-produk wat gekanselleer word.
- 22. Verpligte fooie vir praktiese eksamens vir Verbruikerstudies en Lewenswetenskappe, asook konsessies (indien van toepassing):
  - 22.1 Kansellasië van inskrywing wat die bogenoemde fooie raak, kan ingedien word binne die voorgeskrewe kansellasiëtydperk.
  - 22.2 'n Kansellasië sal ten volle terugbetaal word, mits 'n Kansellasiëvorm binne die voorgeskrewe kansellasiëtydperk ingedien word.

Parafeer

- 22.3 Kansellaries wat ná die voorgeskrewe kansellasietydperk ontvang word sal nie terugbetaal word nie.

## VII. BREINLYN MATRIEK VIR VOLWASSENES:

### 23. Graad 10–11 (eerste jaar):

- 23.1 Die volledige Graad 10-kurrikulum word by inskrywing vir die eerste helfte van die jaar voorsien, gevolg deur die Graad 11-kurrikulum vir die tweede helfte van die jaar.
- 23.2 Die rekeninghouer is daarvoor verantwoordelik om die rekening vir Graad 10 en Graad 11 ten volle te vereffen.
- 23.3 Die rekening vir Graad 10 moet ten volle vereffen word voor inskrywing vir Graad 11 toegelaat sal word.

### 24. Graad 12 (tweede jaar):

- 24.1 Die beleid, soos uiteengesit in punt 6 (VI) "Breinlyn (IEB-gerigte) Graad 12" hierbo, is van toepassing.
- 24.2 Die rekeninghouer moet die eerste jaar se rekening (Graad 10 en Graad 11) ten volle vereffen voor inskrywing vir Graad 12 toegelaat sal word.

## VIII. CAMBRIDGE:

25. Onder geen omstandighede sal enige terugbetalings vir Cambridge-kursusfooie of -eksamenfooie gemaak word nie.

## IX. GED®:

26. Onder geen omstandighede sal enige terugbetalings vir GED®-kursusfooie of -eksamenfooie gemaak word nie.

## I. DIVERSE

### 1. Graad 1–7:

- 1.1 Ek verstaan dat as ek 'n student inskryf met die oog daarop om een graad oor die loop van twee jaar te voltooi, is die volgende van toepassing op my:
- 1.1.1. Die volle bedrag vir die betrokke graad is betaalbaar gedurende die eerste jaar van inskrywing.
- 1.1.2. 'n Bedrag gelykstaande aan 25% van die jaarlikse fooi vir die graad is betaalbaar as 'n herinskrywingsfooi vir die tweede jaar.
- 1.2 Ek onderneem om my rekening ten volle te betaal voordat ek weer inskryf vir die volgende jaar.
- 1.3 Betalings vir assesserings is van toepassing, soos voorgeskryf (ten volle betaal), as ek besluit om in te skryf vir assesserings in Junie of November.

### 2. Graad 8–12:

- 2.1 Ek verstaan dat graad 8 tot 12 nie oor twee jaar voltooi kan word nie, tensy ek skriftelik daartoe instem. Hierdie reëling is onderhewig aan spesifieke vereistes in verband met die assesseringskedule.
- 2.2 As ek besluit om die volgende jaar met dieselfde graad aan te hou, word my kontrak met Breinlyn aan die einde van die jaar as verstreke beskou en ek sal die volgende jaar weer moet inskryf vir dieselfde graad.

Parafeer

Bladsy 8 van 9



- 2.3 Ek onderneem om my rekening ten volle te betaal voor ek weer inskryf vir die volgende jaar.
- 2.4 Enige addisionele kostes of uitgawes, praktiese fooie, IEB-registrasiefooie en eksamens-/assesseringsfooie, is betaalbaar soos bepaal deur die spesifieke produk.

## J. KONTRAK IN GEHEEL

Hierdie ooreenkoms behels die volledige ooreenkoms tussen my en Breinlyn. Daar moet skriftelik ooreengekom word oor enige veranderinge en onderteken word deur die betrokke partye. Hierdie ooreenkoms vernuwe alle vorige verstandhoudings of ooreenkomste tussen die partye. Die partye doen afstand van die reg om staat te maak op enige beweerde voorskrifte wat nie uitdruklik in hierdie ooreenkoms bevat word nie.

Hiermee aanvaar ek al die bepalings en voorwaardes van die hierdie ooreenkoms.

Volle Naam en Van

Handtekening van Ouer/Voog

Datum

Breinlyn Leerwêreld (Edms.) Bpk.  
Standaard Ooreenkoms  
Geskep: 30 Augustus 2016  
Opgedateer: 27 Junie 2017  
Weergawe 2017 v3